begin van my ou aansprakie tog net baie ergernis van keel en bors gehad — ja, ek moes selfs eers driemaal my ou sakdoek gebruik. Tog het ek later so bietjie moed geskep en gesê: „Ai ou vriende, dat dit vir julle almal net so 'n aangename dag vandag is, as dit vir my is, betwyfel ek; maar ek hoop tog dat julle ook 'n seker mate van plesier en genoeglikheid vandag en môre sal geniet en.... wil julle die geheim van my onoortreflike genot nou weet? Wel, Salomo se raaisel was: ‚Spyse gaat uit den eter,' maar my raaisel is: „Koekdeeg gaat in den oorgat," — en die man wat dit kan raai, sal weet waarom ek soveel plesier ondervind."

Ongelukkig moes ek gou insien dat ek my mond verbrand het, want die vrouens het reeds al die storie van die klap, wat ek die môre ontvang het, aan almal vertel en gou was ekke-ou en arme nig Voete, wat toe bloedrooi verkleur het, voorwerpe van almal se bespotting!

Maar my tyd is om, boetie Sarel, en so kan ek jou nie nou nog vertel van al die pret wat ons by stoktrek, skulpadtrek en haak-en-kruk gehad het nie. Ook sal ek maar van die allerheerlikste feesmaal stil bly: dit sal tog net weer my ou tande laat water. Maar dit sê ek vir jou: dit was heerlik, heerlik, want dit was nie sommer hierso se ding nie."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# VIII.

## Toe die eerste Skooltjie gestig is.

„Tant Kaatjie, het Tante, my eie mame se suster, al gehoor wat ou Pieter Salmaarsê nou weer aangevang het?"

„Nee, my suster se kind, maar ek kan raai wat hy gedoen het; hy het seker nou op sy oudag gaan leer vir predikant of prokureur, want sowat preek en pleit as hy het ek, my suster se kind, nog nooit gehoor nie."

„Nee, my eie mame se suster, jy het tog verkeerd geraai!"

„Nou wat het die ou skepsel dan gedoen?"

„Wel, my eie tante, hy het mooitjies die lang tog na ons ou dorpie onderneem en toe daar by 'n soort ding, wat hulle ‚skoolraad' noem, gaan vra dat hier by ons 'n soort ding, wat hulle ‚gormintskool' noem, moet gestig word!"

„O my grootste genugtigheid! En moet ou Salmaarsê dan altyd toegelaat word om onder ons allerhande nuwe bogtery in te bring? Eers het hy met 'n dipbak gespook, toe weer met 'n helpjullemekaarvergadering en nou weer met iets anders, wat ek nog nooit van gehoor het nie. Maar wag, dáár kom die ou onénigheid-stigter nou net aan en vandag sal ek hom darem so 'n bietjie bandvat."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Weldra was ou Pieter Salmaarsê by die twee vroue aangekom, wat hierdie gesprek gevoer het, en skaars het hy hulle gegroet toe tant Kaatjie beginne: „Neef Pieter, en wat is 'n skoolraad, en wat is 'n gormintskool?"

„A," antwoord die aangesprokene, „ek sien dat julle al, ek sal maar sê, gehoor 't dat ek hier 'n goewermentskool wil probeer stig." En hy vervolg: „Kyk, 'n goewermentskool is 'n skool, sal ek maar sê, waarin 'n mens leer van die son en die maan, van lug en water, van aap en kat, van berg en vlakte, van hemel en aarde, van.... van.... ek sal maar sê, van „eweriedieng" soos die Engelsman sê. Verder leer jy in so'n skool om mooi regop te stap, om by die groet 'n buigie te maak, om agter in jou keel te sing, om gladweg te praat, om jou humeur en gedrag te verbeter, om voor die publiek mooi aksies te maak en om.... om, ek sal maar sê om opgevoed en geleerd te lyk en partykler ook te wees."

„O grootste genugtig!" roep tant Kaatjie nou uit, „en wat het al daardie ou dingetjies met ons saligheid te doen? Waar staan dit in die Bybel dat jy agter in jou keel moet sing of dat jy allerhande gemaaktheidjies en aksietjies moet leer? Of dat jy...."

„Wag stop, my ou niggie," val Salmaarsê haar hier in die rede, „jy is, ek sal maar sê nog van die ou soort, en jy het, ek sal maar sê, soos die Bybel sê — oë maar sien nie, ore maar hoor nie, en verstand maar verstaan nie! Kyk, hoe onopgevoed, ongeletter en veragter is ons hier in Boesmanland; ons sien niks, hoor niks en weet niks; ons teken nie in op nuusblaaie of tydskrifte nie; ons kry g'n pos nie en ons skryf g'n brief nie; ons

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

trek net rond om weiveld en water vir ons diere; ons vergader en versamel, ja, ons swoeg en werk net vir die welsyn van ons liggaam; ons verstand bly onontwikkel en ek sal maar sê, verroes. Ons gees word nie gevoed nie en ons word kleingeestig; ons siel word nooit ontroer deur koorgesang of musiek nie; ons sielsoog word nie geopen vir die wondere van die heelal nie; ons siel en gevoel word nie opgewek tot besef van die skoonheid van die kuns, die nut van die lewe en die ware plig van Volk en Staat nie, en ons word kleinsielig. Ek sal maar sê, ons wantrou waar ons moes vertrou, ons vergeet wat ons moes onthou, ons keur af waar ons moes aanmoedig, ons het agterdog in wat vertroubaar is, ons het weersin in wat aantreklik is, ons vind fout by wat reg is, ons mishae wat ons moes bemin, ons.... ons.... ek sal maar sê, ons...."

„Ek sal maar sê," val tant Kaatjie hom weer in die rede, „jy meen ons Boesmanlanders is 'n klomp onbeskofte skobbejakke, — sê dit maar reguit, want jy ‚sal maar sê' tot jy ons slegter as honde gesê het, en dan sal jy nog altyd iets wil sê."

„My liewe ou niggie," antwoord ou Pieter, „bedaar tog en luister vir 'n oomblikkie na, ek sal maar sê, die reine waarheid; kyk ons is baie dom, agterdogtig en onkundig. Weet jy, ou nig, dat hier mense is wat nie glo dat die weerglas, wat hulle ‚barometer' noem, kan aanwys wanneer die oostewind sal waai of wanneer die misweer sal uitkom nie? Weet ou niggie wel dat hier selfs grysaards onder ons is wat by die stembus só verbouereerd raak, dat hulle hul name op die stembriefie teken inplaas van daar 'n kruisie op te trek?

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Weet ou nig dat ons jaarliks deur die smous en winkelier vreeslik bedrieg word, omdat ons niks weet van die markpryse van wol, velle en ander artiekels nie, en dus maar moet tevrede wees met wat hy wil gee? Het ou niggie al gehoor dat ou Moses nou die dag 'n kinderbybel van 10 s. 6 d. aan ou tant Sofie Roubeskuit vir £ 1.. 2 s. 6 d. verkoop 't? Het ou niggie gesien hoe die smouse mekaar aangekyk en gelag 't, nadat hulle die ou goiïngsak-sporting-jikkert aan Sassie Ferweel vir sewe mofhamels verruil 't, en dat Sassie te swak was om eers uit te reken wat die jikkert hom dan sou kos? Het ou niggie al opgemerk hoe baie mense hier onder ons is wat, as die leraar klaar gepreek het, sê: kyk, maar dit was darem vir jou 'n pragtige preek; ja allewêreld, dit was die mooiste preek wat ons al ooit gehoor het; maar as jy hulle dan vra wàt die predikant nou eintlik gepreek het, dan laat hulle die koppe sak en weet daar kop nog stert van te vertel? Toon àl die dinge nie, ek sal maar sê, diepe onkunde nie en...."

„Stop, stop ou neef," begin tant Kaatjie weer, „die dinge toon nie onkunde nie, maar bewys slegs dat ons nog bevryd is van die bedrog, die skelmstreke en al die skreiende ongeregtigheid van die geleerde mense. Pasop vir die geleerde prokureur, die afslaer en winkelier en trewwelaar (handelsreisiger) wat baie somme kan maak en wat syfers gouer op papier kan skryf as wat 'n oorlosie kan tik; pas op sê ek, want daardie somme is die boer se dood! Pasop vir die slim advokaatjies, wat so soet kan lag en wat so gou prokurasies, kontrakte en ons-liewe-vader-weet-alleen-watalles in die Engelse taal, wat ons nie kan verstaan nie,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

kan skryf; pasop, sê ek, want àl hierdie goeters is die boer se dood. Pasop vir die dag wat die Boesmanlander ook geleerd raak, want dan...."

„Maar my liewe ou niggie...."

„Nee wag, my ou neef, moenie vir my in die rede val nie, pasop sê ek, want as Boesmanland eers geleerd raak, dan sal Boesmanland ook net so bedrieg, kul, lieg, vervals en ongeregtigheid doen as die wêreld daarbuite. Hulle skiet al in die wolke, hoor ek, dat dit moet reën, ja hulle swem deur die see en vlieg deur die lug! Nou, is dit alles nie groot sonde nie? Waarom het ons nie vinne, skubbe en vlerke nie? Omdat die Heer nie wil hê dat ons ons moet verspot maak en gaan waar ons nie tuis hoort nie. Wat gaan die geleerde mense in die lug maak en waarom gaan hulle in die wolke skiet? Wil jy, ou neef, miskien hê dat die Boesmanlander ook sulke hemeltergende, skreiende, goddelose dinge moet aanvang? Jy maak net my hart seer, — ek ly aan hartkwaal."

Hier druk tant Kaatjie met die linkerhand op haar hart krampagtig vas.

„En ek," vervolg sy, „mag nie kwaad, bly of hartseer word nie. Maar al sterf ek ook, dan sal jy nog maar sê, en nog maar sê, en sê, sê, sê, tot jy die hele wêreld doodgesê het."

Stokflou en uitasem buig tant Kaatjie nou vooroor en sê so by rukke en stote: „My — suster — se kind — gee my — tog gou — bietjie — water — en 'n bietjie — rooi — leventel."

In 'n ommesientjie was haar suster se kind langs tant Kaatjie met die mikstuur van water en rooileventel. Stadiggies suig sy nou die drankie op, terwyl

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

sy so skelmpies na die ou verskrikte Salmaarsê loer, om te sien watter effek sy op hom gemaak 't.

Die ou vang haar oë raak, en vat toe sommer moed genoeg om te vra: „Hoe voel dit, ou niggie, het die, ek sal maar sê, die naarheid al gesak?"

„Naarheid!" roep tant Kaatjie ewe hardop, „dis g'n naarheid nie, die gormintskool mag 'n naarheid wees, nie ek nie! Ek is net be.... be....droef."

Tant Kaatjie begin nou heeltemal hard te snik. Op dieselfde oomblik kom tant Kaatjie se ou wederhelf die tent ingestap. Hy kyk verwonder op en vra: „Wat lyk jy dan so die-vier-perde-in, ou Kaatjie?" Voordat tant Kaatjie egter kon antwoord, begin oom Salmaarsê: „Stil, neef Klaas, jou vrou is bedroef. Dit spyt my, want ek...."

„Bedroef! jy en jou ou gormintskool mag bedroef wees, nie ek nie," val tant Kaatjie hom in die rede. „Ek is net vol spyt en berou, omdat die ou Boesmanland allerhande skelmstreke moet geleer word."

Weer gee sy 'n paar snikke, terwyl sy haar oë toedruk met die punte van haar ou rooi kopdoek.

„Goed, ou vrou," sê haar man, oom Klaas, „ek stem maar met jou saam, soos altyd; drink maar 'n paar druppels rooileventel op 'n bietjie water."

Oom Klaas draai hom na ou Salmaarsê se kant toe en vervolg: „Kom, ou neef, ons gaan kyk na die nuwe put wat ek aan grawe is."

En voordat tant Kaatjie nog iets kon sê, was die twee mans die tentdeur uit en op weg „puts-toe".

„Sien jy, ou neef," so begin ou Klaas nou, „ek het jou mos gesê, die gormintskool sal hier nooit byval vind nie; ek het al ons bure gepols en hulle is daar

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

net so op teë as my ou vrou. Toe ou Dikjan Kosmaag hoor dat àl die ouers, wat binne die drie myl van die skool af is, hulle kinders volgens wet moet skool-toe stuur, het hy so boos geword, dat hy gesê het: „Nou kyk, ek sal nie toelaat dat nog jy en ou Salmaarsê, nog die skoolhouraad, nog die wet, nog die Koning op sy troon oor my kinders die baas speel nie; die wet laat betaal al vir my belasting, vir my eie honde, wat ek self die vrete moet gee, en die wet laat betaal al vir my belasting op die inkomste wat die Heer (nie die wet nie) my genadiglik skenk en nou sal die wet so astrant en parmantig wil word om baas te speel oor my eie kinders wat die Heer (nie die wet nie) my op aarde geleen het; dis 'n godswonder dat die wet nie al die doop en aanneming van ons kinders verbied het nie! Ja, ek sal my niks verwonder as die wet ons een van die dae kom sê, dat ons jongetjieskinders moet rokke aantrek en ons dogters uit tamaai groot pype sterk, boertwak moet rook nie! Dit, ou neef, was die taal van ou Dikjan Kosmaag. Maar dit is nog nie die ergste nie."

„Ja neef Klaas," antwoord ou Salmaarsê, „dis die waarheid, maar die tyd het aangebreek, dat die Boesmanland ook moet verlig word en op ons twee rus die dure plig om al wat in ons vermoë is te doen om hier 'n goeie skool te kry. Oormôre verjaar ek. Nou is my plan om die verjaarsdag te vier en ek gee jou die reg om die hele buurte wat jy teëkom, na my verjaarsmaal uit te nooi. Ek sal ook alwie ek ontmoet uitnooi, dan sal daar wel 'n boel mense bymekaarkom en dan sal ek my kans waarneem om 'n spiets te maak, 'n spiets wat uitloop op die nut van geleerdheid en op-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

voeding. Verder moet jy maar ondersteun sover jy kan en mag, sonder dat nig Kaatjie dit agterkom."

„Goed, ou neef," sê oom Klaas, „dit sal ek van harte doen."

Die verjaarsdag van oom Salmaarsê het spoedig aangebreek, en daar was regtig baie mense by die oubaas se huis en gou was daar dan ook 'n kans vir die spiets.

„Geagte vriende," begin oom Salmaarsê, „ek en my ou vrou is waarlik verheug dat julle ons ou harte vandag, sal ek maar sê, kom blymaak het met julle teenwoordigheid en ons dank julle uit grond van ons harte vir al die hartlikheid en al die gelukwense. So ken ek mos die ou Boesmanlanders! Hulle lag saam met diés wat verblyd is, en ween saam met diés wat treur....'

„Ja dis tog waar," val ou tant Driena Veldman hom in die rede, terwyl sy op haar snuifdoos met die vingers tik.

„Ja, reg so tant Driena," sê ou Salmaarsê. „In ander woorde, die Boesmanland is medelydend van aard en deel graag in die lot van die ewemens; die Boesmanland luister na die noodkreet, en maak sy hand mildelik oop waar daar behoefte is en...."

„Praat 'n bietjie so," roep Jan Rooidraai uit.

„Ja," vervat Salmaarsê weer, „ die Boesmanland is goedgeefs, gasvry en medelydend en besit nog baie ander deugde, maar niemand is volmaak nie, en die Boesmanland het ook, ek sal maar sê, sy foute...."

„Ja, nou praat jy die waarheid," kom ou Kosmaag luid voor die dag, „die Boesmanland het ook sy foute, en die grootste fout is dat die Boesmanland nou wil toelaat dat die skoolhouraad en die wet oor die Boesmanlandse kinders die baas speel."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Nou was die gort gaar, want nou het ieder wat te sê, en 'n heel paar minute het verstryk, vóór oom Salmaarsê weer die kans kry om met sy rede verder te gaan.

„Kyk," sê hy nou, „ek hoop julle sal my darem toelaat om in my eie huis 'n paar woordjies te praat. Ek wou net gesê het, dat ek laas op die dorp 'n pragtige koor hoor sing het en dat ek seker daarvan is, dat die Boesmanlandse kinders net so mooi kan sing. Ek was baie rond op die wêreld en het baie ondervind, gesien en gehoor. Ek het selfs anderkant Grootrivier kinders en jongmense aangetref wat kan uitreken hoeveel geld hulle vader moet ontvang as hy soveel en soveel pond wol verkoop teen soveel en soveel die pond, en ek is seker daarvan dat ons eie kinders dit ook kan doen. Ek het kinders gesien wat tog ook 'n onverwagte, Engelse brief kan lees, wat tog ook 'n poswissel kan invul, wat tog ook verstaan wat hy lees, wat tog ook weet — ek sal maar sê, dat hy posseëls nie by 'n winkel, maar by 'n poskantoor moet vra, en ek is seker daarvan dat die Boesmanlandse kinders dit alles ook kan doen, weet en verstaan. Ek het al van baie dinge gehoor maar ek het nog nooit gehoor dat Afrikaners — Boesmanlanders ook — groot besighede in Engeland, Duitsland, Frankryk, Rusland gaan opsit het nie, en tog het ek al baie vreemdelinge van daardie nasies hier tussen ons ontmoet met groot winkels en ander florerende besighede. Ek het my oë oopgemaak en gesien dat ons deur 'n Staat moet regeer word en dat so 'n Staat behoefte het aan nuttige, opgevoede, ontwikkelde burgers, goeie regters, posmeesters, skoolmeesters, stasiemeesters, en, ek sal maar sê, 'n hele boel ander goeie amptenare, wat weet wat aangaan en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

wat verstaan wat hulle plig is. Nouwel, ek is seker daarvan dat hier in Boesmanland ook baie ongeslypte diamante lê, wat van meer nut vir die publiek, die samelewing en die Staat kon gewees het. Ja, ek is seker daarvan dat hier meer dan een kind onopgevoed opgroei wat in die toekoms sy man kon gestaan het vir sy Kerk, Volk en Taal; sy man kon gestaan het teen die geleerde uitlander wat ons eie werk in ons eie land van ons kom afneem. Ek was self in die Kaap by die ou Kasteel en daar het ek gesien en gehoor hoe 'n gids die mense in die Kasteel rondlei en vir hulle alles op Engels duidelik maak, sonder dat die paar Boere, wat saam met my daar was, 'n woord van die hele affêre kon verstaan. Nou, ek is seker daarvan dat 'n Boesmanlandse kind net so goed 'n gids kan wees, al was dit ook dwarsdeur die ou Kasteel tot tienduisend myl anderkant die Kalihari. Julle moenie dink ek kom as 'n Mohamed met 'n valse leer na julle toe nie! Nee, my vriende, ek kom met 'n hart wat brand van vuur vir die welvaart van die Boesmanland! Dink julle dat ek die Boesmanland, waar, ek sal maar sê, my moeder haar graf lê, sal verlei, sal bedrieg? Wat ek gedoen het en nog wil doen sal vir hierdie ou wêreld ten goede strek. Ek was nie by 'n skoolhouraad nie, want soiets ken ek nie, maar ek was by 'n paar verstandige mense, wat wettig gekies is om te help in die opvoeding van die jeug, die toekoms van ons land; en hierdie klompie verstandige manne is dan die lede van die skoolraad en hulle het my gevra om hulle te help om hier in ons omgewing 'n skool, wat deur die Staat ondersteun word, te stig; so 'n skool...."

„Wag, stop, ou neef," begin oubaas Kosmaag nou

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

weer, „van so'n skool hoef jy ons darem niks te vertel nie, want ons het al genoeg van die soort skole gehoor; daarin word die kinders allerlei bogtery geleer; ek was self op 'n plek waar so 'n soort skool was en toe het ek daar gesien dat die boeke, waarin die kinders leer, vertel van katte, honde en wolwe wat kan praat! Ja, ek het selfs in een van die boeke 'n prentjie van 'n klomp paddas gesien in 'n ry met boeke in die pote en bo-aan die prentjie staan: Paddakoor, en onderaan staan:

Er waren twintig kikkertjes
  Al in een watersloot,
Ze moesten lesje leeren, want
  Ze werden alle groot!

Verder staan daar dat 'n ou padda toe die klein paddatjies uit 'n boek, — dis waar, ek lieg nie, uit 'n boek leer sing het! Nou toe, wat dink julle daarvan? Wat weet 'n padda van 'n boek? Is dit nie iets vreesliks nie, om arme onskuldige kindertjies van kleinsaf soveel leuens en kaf in te prent nie?"

„My liewe ou neef," antwoord ou Salmaarsê, „gee my tog eers 'n kans! Die geskiedenis van die paddas is maar 'n lessie om die kinders in die taal te help en g'n kind is so onnosel om dit vir werklikheid op te vat nie. As ons so konsekwent wil wees, moet ons onsself skaam, want dan gaan ons ons kinders reeds van kleinsaf ook met leuens voor. Immers, hier sit seker vandag meer dan een moeder wat, as haar kind huil, vir hom sê: „st, stil, daar kom ou wolf!" Dis tog ook maar 'n leuen. En dink nou verder aan al die jakkals-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

en wolfstories en al die spookstories wat van kleinsaf aan ons kinders vertel word. Is dit dan...."

„Nee, dis ook alles leuens en ons erken dit," antwoord Kosmaag, „maar juis dáárom wil ons nie hê dat ons kinders in die skool verder moet belieg word nie. In die soort skool wat jy van praat, draai selfs die wêreld, en hoe lyk dit, — jy is mos self al jare in die Boesmanland, het jy al eendag een koppie, een heuweltjie of bossie sien draai of roer? Verder sou ek graag wil weet vir watter rede daar drie myl al rondom so 'n soort skool moet getrek word en vir watter rede die skoliere — tot selfs die meisies, moet dril en in die oop lug staan en rond skop en spring met die voete en rond swaai met die arms en koppe net asof hulle mal en gek geword 't? Hoekom het ons ouers nie sulke skole gehad nie en wat het jy te sê op die boeke van ons ouers en voorouers, ek bedoel op die Bybel, die Vraeboek en die Trap-der-Jeugd? Dit spyt en bedroef my, Salmaarsê, dat jy nog van jou moeder haar graf praat, terwyl jy darem die boeke waarin sy geleer het wil verruil vir die padda, kat en honde-boekies van 'n gormintskool! Ja, ja, ek sê dit spyt en bedroef my."

Hier staan tant Kaatjie op, trek oom Klaas aan die arm en sê: „Kom Klaas, laat ons liewer huis-toe loop, want my hart is nog seerder as Kosmaag s'n en ook sê die Heer in sy Woord vermy die plae waar hulle val."

„Ag, my liewe vriende!" roep oom Salmaarsê nou weer uit, „verlaat tog nie noual my huis nie, gee my tog asseblief nog net kans vir 'n paar woordjies. Kyk, ek weet julle stem saam met my in, dat ons kinders verstand genoeg besit om selfs predikante te word en om 'n predikant te wees is tog nie sonde nie. Nou wel,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

predikante het ook, ek sal maar sê, in goewermentskole geleer. Ons moet dus oppas dat ons nie in pure vooroordeel die toekoms van ons kinders met ons eie voete vertrap nie. Laat ons manlik genoeg wees om die saak vandag van alle kante te beskou. Laat ons bietjie onthou dat die ware manlikheid nie juis steek in die man wat in sy eie oë slim, bevooroordeeld en verwaand en eiesinnig is nie. Die grootprater, die saamskreeuer, die foutvinder, die selfsugtige eiegewinsoeker, die alleen wêreldsgoed-aanbidder, die halsstarrige beterweter, ek sal maar sê, die koppige wysneus is niks anders nie as 'n leë kalbas sonder 'n druppeltjie water, 'n kaal boom sonder 'n penwortel, 'n wa op 'n afdraand sonder remskoen of briek! So iemand is sonder seën of hulp vir sy ewemens, want omdat die ware manlikheid by hom makeer, is hy dolleeg, sonder krag, en net voortvarend, kortgebaker en maak slegs, ek sal maar sê, 'n geraas sonder oorsaak. So kom nou en laat ons manmoedig genoeg wees om vir onsself so 'n bietjie te ondersoek! Moenie nou kwaad word nie, maar luister nog 'n bietjie geduldig. Ons grootste fout hier is om net vir die liggaam te sorg en sonder ons dit opmerk leer ons kinders van kleinsaf net die één les: sorg dat jy 'n tent, 'n wa, 'n span trekgoed, 'n plaas, 'n groot trop skape het en worstel dan met alle mag en krag om ryk en al ryker te word! Ek wil nie persoonlikhede gebruik en name noem nie, maar, ek sal so sê, hier is 'n skatryk boer: hy het met vrou en kinders deur dik en dun, deur wind en weer voorwaarts gesukkel net om aardse goed te versamel en àl sy moeite is bekroon, want hy het vandag duisende môres grond, vier groot troppe mof-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

skape (waarvan hy jaarliks by die tweeduisend pond kontant maak), 'n paar honderde beeste en 'n ontsaglike klomp perde, esels en donkies. Sy grond is so groot, dat daar vanjaar nie minder as twee-en-dertig duisend stuks kleinvee op grond van hom, wat hy aan ander mense verhuur het, loop nie. Die geld stroom reeds jarelank van alle kante in sy beurs. En tog, tog lewe hy soos 'n brandarm man. Hy het nie eens één muurhuisie op al sy gronde nie! Sy kinders is al diklid van diere oppas en daarby gans ongeleerd, sy arme vrou het g'n genot van al die skatte nie en of die son brand en of die reën neerstroom, sy moet maar ewe gedwee haar kos en koffiewater in haar ou oop en sonderdak kraal-bosskermpie kook. Sy het g'n meid nie en moet saam met haar dogters die hope klere was en stryk; sy moet dikwels in die brandende son op die kaal vlakte voor haar ou bakoondjie staan om te bak; sy en haar dogters moet self help op die bokwerf met die boklammers en skaaphansies, en sy moet soms selfs, as haar man by een van sy ander rytuie help, die leisels vat van die donkies wat die ou groot trekwa voortsleep, terwyl haar kinders ander losgoed soos perde, kalwers of donkies op die trekpad moet aanja. Nou, dan is hier meer sulke boere! Hulle is ryk; hulle het gesorg vir klere, kos en geld. Hulle liggame het onder al die soorte van growwe boerwerke goed ontwikkel; hulle is dus sterk en gesond en slaap goed en eet met lus. Hulle sorg goed vir die liggaam en dié is ook in 'n buitegewoon goeie kondiesie. Maar, ou vriende, 'n mens het nie net 'n liggaam nie. 'n Mens het ook 'n gees en 'n siel, en dié moet ook ontwikkel; die behoort ook in 'n gesonde, goeie kondiesie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

te wees. 'n Arme skepsel wat net vir sy liggaam sorg, sorg net vir een derde deel van hom en die ander twee dele verroes, versleg. So iemand word nooit 'n volle man nie, hy is, ek sal maar sê, net éénderde van 'n man. Die liewe Heer bewaar ons geslag dat hulle tog nie sulke skepsels moet word nie! Net éénderde man, net éénderde vrou! Ou nig Kaatjie het haar netnou op die Bybel beroep. Wel, die Bybel sê ook: ,in die laaste der dae sal die mens verlig word'. Kom dan, laat ons eensgesind wees en help om die gees van ons kinders te ontwikkel, om die verstand van ons eie geslag te verlig. Moenie dat ons sit en doodgaan hier waar ons eie tentpenne ingeslaan is nie, maar laat ons opstaan en verder kyk as wat ons neuse lank is. Ons kinders moet gesond van liggaam wees, ja, maar ook ruim van gees en groot van siel. Vir 'n tydjie gelede het iemand gesê, met 'n stem wat as 'n donderslag onder in my hart weerklink 't: „Suidafrika ontwaak!" Noutoe, Boesmanlander, skrik jy ook wakker, want jou land is dié Suidafrika, wat nou reeds ontwaak het. Nig Kaatjie het in die loop van my rede dikwels uitgeroep: ,pasop, pasop!' Nou ek sê ook ,pasop', — pasop dat ons kinders nie eendag hulle vingers in ons oë steek met 'n, ek sal maar sê, 'n bitter verwyt op hulle lippe nie. Het julle al gehoor van die moordenaar — die Namakwalandse Hotnot — wat, toe hy voor die galg staan, sê: ,Laat my tog toe dat ek eers na Namakwaland gaan om eers my vader lewendig te gaan afslag, want dis deur hom dat ek vandag aan die galg moet hang'?

Weet julle dat 'n Boesmanlandse seun verlede jaar gesê het: ,Ja, die Jood het my op my eie plaas kom

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

uitboer en my plaas afgeneem, net omdat ek te dom en te ongeleerd was om die kontrakte wat hy my laat onderteken het, te verstaan. Maar my ouers het my ook nie leer lees nie en dus is dit nie my skuld nie'? Pasop vir die regverdige verwyt van die kind! Ek kan die name van 'n paar Boesmanlandse jongkêrels opnoem, wat my gesê het dat hulle graag na die Boland wil gaan kyk, maar dat hulle bang is dat hulle deur onkunde en ongeleerdheid net deur die mat sal val. Ek weet van baie Boesmanlandse dogtertjies wat al 'n boel tiekiedraai-liedjies kan sing, maar nie één lied uit die „Halleluja" nie.

Vriende, pasop, pasop, soos nig Kaatjie sê, en soos ek ook sê, pasop en laat julle kinders leer en gee hulle nie die kans om julle eendag te verwyt nie. Nig Kaatjie haal tekste uit die Bybel aan; ek ook, en hier is weer 'n teks: Ondersoek alle dinge, behou die goeie! Nou, toe dan, laat ons die Bybelboek gehoorsaam wees en alles goed ondersoek, selfs die goewermentskool. Laat ons ons ou kindertjies daarin plaas, al is dit ook maar vir 'n tydjie en laat ons die affêre op die proef stel en laat ons eers self uitvind of die paddas, die katte en die honde van die ,gormintboekies' ons kindertjies sal verskeur, verslind en, ek sal maar sê, opeet! Kom, wie sê saam met my en ou nig Kaatjie: ,pasop, pasop', en wie sê: ek sal die gormintskool op die proef stel en een of meer kinders daarin sit? Toe, ek weet hier staan baie manmoedige manne, maar wie is gewillig wat dit wil bewys?"

Ou Kosmaag spring nou met 'n bloedrooi gelaat op 'n stoof en sê:

„Vriende, ek is nie 'n man wat staan en lol waar dit

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

nie nodig is nie, en ek (hier slaat die oubaas met die vuis op sy bors) sal sommer die laaste kind wat ek besit in die besigheid inprop, maar op één voorwaarde: hou net die wet daaruit, want waar die wet kom daar word alles belas, en as die wet hier moet kom en belas nog goedkoop die skool met skoliere en al, dan begaan ek 'n moord!"

Nou hoor 'n mens van alle kante uitroepe: „Praat 'n bietjie so!" „Dis hy daardie." „Dis net wat ekself wou gesê het," „Dis nou net die regte ding!" ensovoorts. Dit lyk of almal met ou Kosmaag instem, en ou Salmaarsê het hom al beginne verheug om die saak nou tog eindelik gewonne lyk, maar ongelukkig staan ou Houtnek Donkerknyp daar agter op om te praat en toe het Salmaarsê sommer weer moed verloor, want hy ken vir ou Donkerknyp te goed. Immers, hierdie ou skraal langnek man met die dik bosbaard, dik winkbroue, klein ogies, dun lippies en 'n dik boshare wat amper sy hele klein, nou voorkoppie bedek, is van dié soort mense wat steeds daarop uit is om agterdog en wantroue onder sy bure te strooi. Die een moet altyd vir die ander oppas; die een moet altyd die ander verdink. Maar ou Donkerknyp doen dit altyd op so'n manier, dat 'n mens nie gou agterkom dat hy oorsaak is van die onenigheid nie; hy knyp in die donker. Op die oog lyk hy egter 'n baie vrindelike en mensliewende man. Selfs nou staan hy ewe kalm en laggende op. Hy is die énigste man wat nog nie onder die stryd warm of selfs gesteurd geraak 't nie en op die oomblik lyk dit of hy net opstaan om ware vrede te stig en simpatie aan almal wat daar teenwoordig is te betoon. As ou Houtnek praat speel daar gedurig 'n glimlaggie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

om sy dun lippe, en dan lyk dit kompleet of sekere plooitjies om sy oë juis deur hierdie glimlaggie getrek word. Dis egter nie die geval nie, want die laggie beroer eenvoudig net die lippe, terwyl die oë, hoewel bedrieglik genoeg vir die oppervlakkige opmerker, tog nie engelagtig genoeg is om die raaksiener baie lank te bedrieg nie.

„Geagte broeders en susters," begin Houtnek, „dis nou miskien nie eens nodig dat ek ook iets moet sê nie...."

„Nee, toemaar, sê Oom se sê," klink dit nou van alle kante.

„Nouja," begin die ou weer, „ek wou net gesê 't, dat so 'n skool, soos hier nou voorgestel word, seker baie goed vir ons sal wees, want die skool sal ons instaatstel om baie dingetjies uit te vinde. Geloofbare mense het my al baie van die soort skole vertel, maar dit sal wel alles leuens wees. Ek het gehoor, dat daar in die Boland en elders op dorpe, taamlik baie jongeliede is, wat te lui is om te boer en dan maar 'n klompie sommetjies leer maak, 'n boel blomme en ander dinge leer teken, 'n hele lot boeke deurlees en nog die een of ander in hulle koppe prent en dan kry hulle elkeen 'n papiertjie waarop staan dat hulle eksamens afgelê het en geregtig is om skool te hou. Ook het ek gehoor dat die Regering vir sulke eksamenaflêers baie geld betaal en dat die Boer belas word om al die geld te kry. Verder is my vertel, dat daar teenswoordig al vreeslik baie van die soort jongliede is en dat, as die Regering nie gou oral rond skooltjies stig en die ouers hiet en gebied om hulle kinders in dié skooltjies te sit nie, die hele Afrika met die soort

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

jongliede glad opgeskeep sal raak! Maar dis opsluit alles onwaar: ek vertel ook maar net wat ek gehoor het en daarom stem ek ook in, dat hier so'n skool moet gestig word. 'n Heel paar baie geloofbaar mense het my dit vertel, maar wat sal ons nou onrustig word, soos mense wat nie skelmery kan verdra nie. Ek is hier onder in my siel vir die opvoeding van die jeug; ek stem saam met neef Salmaarsê, hoewel elke mens 'n fout kan maak, en ek is baie bly dat hy soveel moeite vir ons kinders wil doen en ek hoop van ganser harte dat die Regering nie net die skoolmeester sal betaal nie, maar vir neef Salmaarsê ook sal betaal, ja, al moet ons dit ook weer aan die Regering terugbetaal! Ek is nou al gewillig om selfs my laaste pennie by te dra, want soos die wêreld nou draai, lyk dit vir my, moet jy goed en bloed opoffer vir die geleerdheid. Wat moet ook van die teenswoordige geleerde mense word as die Boer weier om hulle met kos en geld te voorsien? Ek is in my hart baie jammer vir arme ou nig Kaatjie en my hart voel teer vir neef Salmaarsê en dus...."

„Nee, wag ou vriend," val ou Salmaarsê nou die ou man in die rede, „dit spyt my dat ek my verplig gevoel om jou te steur, maar ek wil jou net eers 'n paar dingetjies vertel wat jy miskien nie weet nie. Ten eerste sal ek jou vandag nie toelaat om afbreuk aan 'n goeie saak te maak nie, en dit nogal onder die dekmantel van vriendskap en deelneming. Ten twede eis ek eers die regte name en adresse van die „baie geloofbare mense" wat jou so 'n boel twak ingeblaas het. Ten derde wil ek jou meedeel dat ek jou en jou „baie geloofbare" mense voor die skoolraad sal laat daag

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

om daar weer julle stories te herhaal en te bewys. Dis al. Hier staan ek klaar, voor baie onpartydige getuie, met pen, ink en papier om die name van jou waarheidsliewende persone op te skrywe. Begin nou maar en noem hulle name, dan kan jy verder praat, al was dit ook tot middernag!"

Nou skiet Houtnek se ogies vuur, maar om sy mond speel nog die bekende ou laggie.

„My liewe neef Salmaarsê," antwoord hy ewe onskuldig, „ek is volkome gewillig om jou die name van al die persone te gee, maar dit sal jou ongelukkig nie help nie. Want hulle woon te ver van jou skoolraad af. Verder is ek gereed om saam met jou na jou skoolraad te gaan, maar nou moet ek ongelukkig oor 'n tydjie dalkies Namakwaland-toe trek. Ook moet ek jou hartlik bedank dat jy my wil kansgee om nog verder te praat, maar nou kan ek daar ongelukkig nie gebruik van maak nie, want ek is haastig en moet nog 'n paar lammers gaan soek en dus — goeiendag — alle vriende, en mag die Vader ons van alle kwaad bewaar!"

Met hierdie groet en seënwens stap ou Houtnek ou Salmaarsê se tentdeur uit.

Nou neem ou Salmaarsê sy kans waar, om sy gehoor nog so 'n bietjie aan te moedig en spoedig was alle mans daar gewillig om kinders in die skool te sit.

Ondertussen het egter nog iets gebeur: Ou nig Kaatjie het weer flougeval en dit verwek groot opgewondenheid onder die vroue. Die een roep om water, die ander om die apteektrommeltjie en nog 'n ander om warm flennielappe. Nig Kaatjie haar eiesusterskind roep selfs uit: „Ek wens liewers dat die hele skool-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

houraad nou onder op die boom van die Dodesee lê, as dat my eie mame se eie ou sustertjie moet sterwe van aandoening."

Maar, ou nig Kaatjie het darem nie regtig doodgegaan nie en 'n tydjie na hierdie gebeurtenisse, het die „gormintskoolmeester" kom beginne met sy werk, maar hy het hom darem baie klein gevoel toe oud en jonk en klein en groot hom eers so van vér en naby bekyk, beskou en beloer!

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

IX.

## Op en na 'n Boesmanlandse Dansparty.

Ou Koos Jomper en ou Piet Willeman is in 'n ernstige gesprek. „Nou waarom sou ek dan op my verjaarsdag nie kan laat dans nie?" vra Piet Willeman. „My liewe Neef," antwoord ou Jomper, „ek het nie gesê jy kan nie laat dans nie; ek het net gesê dis nie wenslik nie en ek sal jou sê waarom: ten eerste sal daar oordraers wees wat dit aan ons predikant sal gaan vertel en dan sal jy eendag onder sy tong moet deurloop; ten twede is ek bevrees dat ek ook na die dansparty sal gaan en dan raak ek ook by die predikant in moeilikheid en ten derde.... ten derde.... maar wat was nou weer die derde punt — o ja, ten derde moet ek sê dat ek maar regte versigtig is vir die predikant."

„O aarde!" roep ou Flip Springbokbeen, wat sover sonder te praat na die gesprek geluister het, nou uit, „ek skaam my oë uit my kop om die redenasie van jou, neef Jomper. Jy wil nie laat dans nie, net om jy vir die predikant bang is. Skaam jy jou nie? Leer die Bybel nie dat ons Iemand anders meer moet gehoorsaam en vrees dan die mens nie? Die predikant is daar om ons te vermaan, reg te help en die ware weg te wys, maar straf soos Iemand anders kan hy ons nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

In dans self sien ek nie so groot sonde nie, maar elkeen se eie gewete moet of behoort hom te oortuig dat in die dansparty meer dan een sonde gebore word. Dink maar net aan al die skinderpraatjies wat gewoonlik op ons danspartye volg; dus ek sê, die man wat 'n dansparty gee, gee meteen 'n goeie kans aan die duiwel."

„Aitsa," roep Piet Willeman ewe haastig uit, „jy praat nogal slim, maar hoekom het David, toe hy die Ark laat haal het, gehuppel? Hoekom het die Israeliete om die kalf gedans? Hoekom het Herodias se dogter gedans.... ek meen.... o ja, nou val dit my by, dit was nie 'n goeie dansery nie, want dit het Johannes se hoof gekos, maar hoekom.... hoekom... ek meen hoekom het David dan gehuppel?"

„Wel man," antwoord Springbokbeen, „David het gehuppel, maar nie met 'n klomp mense in 'n huis op 'n kleivloer gedans nie; buitendien sien ek ook 'n groot onderskeid tussen huppel van blydskap in die Heer en ‚skoffel' op stowwige kleivloere en waar jy selfs nie 'n predikant, wat ook maar 'n mens is, wil heen nooi nie, om nie eens te praat van die Heer nie. Ek voel oortuig dat die Heer met welgevalle neergesien het op die gehuppel van David, maar sou die ydel gedruis van julle voete, die ydel geklank van julle konsertienas en die gedagtes van julle harte onder die gedans ook welbehaaglik vir die Heer wees?"

„Stop, stop Springbokbeen! Wil jy nog praat? As dans sonde is, dan is gulsigheid ook sonde; of dink jy dat ek al vergeet het, hoe jy eendag in jou gulsigheid 'n springbokrib verslind het tot later 'n beentjie van die rib dwars in jou keel vasgesteek het? My naam is

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Willeman om ek so wild kan dans maar jy heet weer Springbokbeen om jy so gulsig is; dus sien jy dat ons maar elkeen sy foutjie het en dit pas ook dus nie vir die een om die ander mooi lessies voor te lees nie." Hierop verlaat Springbokbeen die geselskap met 'n bloedrooi gesig.

„As jy laat dans, wie sal dan die musikante wees?" vra ou Jomper nou.

„Daarvoor het ek al klaar gesorg. Isak Nekdoek en Dirkie Rooskleur is gewillig om die taak op hulle te neem."

„Nouja, dis net die twee musikante so na my hart," sê ou Jomper en vervolg, „maar jomp dit tog by alle mense in dat hulle tog nie later van die dansparty orals moet rond vertel nie, want ek is vir ons predikant regte versigtig."

„Wel," antwoord Willeman, „terwyl jy 'n Jomper is kan jy hulle dit nog beter injomp en ek gee jou volle reg om nie alleen by alle bekendes iets in te jomp nie, maar om hulle ook almal uit te nooi in my naam, want ek kan nie orals rondgaan nie, daar ek my ou vrou by al die slag en bak moet help."

Vier dae na hierdie gesprek kom die gaste uit alle oorde met donkiekarre, perdekarre en baaisikels na Piet Willeman se plaas. Ou Louwtjie Fijnstem het selfs met 'n veerwa gekom want anders kon hy nie al sy tien dogters oplaai nie.

Die jongklomp is al haastig om te dans, maar Willeman sê: „Wag eers ou sussies en boeties tot na die aandete, dan sal ons begin en laat deurloop tot die dagster môre dof word in die sonstrale."

Die tien dogters van Louwtjie Fynstem was kinders

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

wat nou sommer baie van plesier gehou het en een van hulle stel dus voor dat daar dan maar solank „tiekie-draai-speletjies" moet gespeel word.

„Ja so, dis hy daardie," roep Dirkie Rooskleur uit, „maar waarmee sal ons begin?"

„Ons kan maar begin met ‚Samlai koffie, samlai tee'," sê Nottie, die oudste dogter van Fynstem.

„Very good," sê Sidney Louw, wat so bietjie Engels geleer het, „ons kan maar begin met ‚Some like coffee, some like tea'."

„Ag nee, ek kan daardie ding nie," antwoord Sakkie Nekdoek, „vat liewers vir ‚Ver mai, prittie mai, give jorrint to me', of anders vir ‚Ai wokkies on de green grass'."

Ou Jomper het intussen nadergekom en begin: „My liewe jong vriende en vriendinne, waarom sing julle nie liewers Afrikaanse liedjes nie? Wat het ons met Samlai dit en Samlai dat en al daardie soort goeters, wat ons tog niks van verstaan nie, te doen? Sing vir ‚Kom patertjie' of ‚Jakkals en Wolf' of enigeen van ons ou Afrikaanse speletjies, want dis vir ons makliker, mooier en verskaf meer genot; ek wens dat ek julle dit kan injomp dat Afrikaans net so mooi klink as enige ander taal en. . . ."

Vóór Jomper egter kon verder praat, was die jongklomp reeds besig met ‚Kom patertjie'. Sakkie Nekdoek blaas die wysie daarby op 'n mondfluitjie. „Heei julle, julle, kyk maar die Sakkie lyk weer op sy stukke vandag en kyk tog bietjie hoe 'n pragtige geel sydoek het hy weer vandag om sy nek."

Dis tant Hannie Fynstem, die vrou van Louwtjie, wat so praat.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

„Ja," sê Willeman se vrou, „hy is vandag net weer bietjie die iets; dit lyk vir my of Nottie van jou net spyt het, dat hy nie die patertjie en sy die nonnie is nie; kyk hoe loer sy na hom."

„Gaai," lag tant Fynstem en sê: „Ja, hy is so.... hoe sal ek sê? So half verlief op Nottie en sy op hom en ek het daar niks op te sê nie, want hulle twee, lyk dit vir my, pas net so goed bymekaar as.... as.... hierdie koppie by die piering; sy hou baie van musiek, — hy ook; sy is 'n spoggerige kind en trek graag mooi aan, — hy ook; sy het reeds van kleinsaf 'n voorliefde vir groot sysakdoeke en hy dra gereeld een om sy nek."

„Ja-nee," voeg tant Willeman nou by, „hulle pas goed bymekaar, ruim net so goed soos Letjie van my by Dirkie."

„Gaai," lag tant Fynstem weer en sê: „Ek kry nou lag, want ek dink nou weer hoe hy nog verlede jaar, met Nuwejaar, sy wange stilletjies met 'n stuk growwe seil opgevrywe het om ook wil rooiwange te hê. Faansie Ousoort het dit gesien, in die lig gebring en hom ook die bynaam, Rooskleur, gegee." Hierdie aanmerking vererg tant Willeman en dus antwoord sy:

„Ja, maar die kleur van die roos sal altyd bestaan en die kleur van die nekdoek verbleek en vergaan."

Onder die gesels het die vroue die tafels gedek en die kos aangedra. Toe almal, jonk en oud, klaar geëet het, staan Willeman op en sê: „Liewe vriende en vriendinne, dis my huis hierdie en ek wil nou in my huis laat dans en niemand het daarmee iets te doen nie — ek meen met my plan om te laat dans nie — en ek hoop julle sal almal daarvan gebruik maak en op-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

skoffel tot oor die helfte en.... ek wil nie stories na die dansery hê nie." Hierdie aansprakie word met luidrugtige applous begroet. Daarop sê Willeman aan sy wederhelf:

„Kom ou skat, die dansbaan wag op ons; toe Dirkie en Sakkie, stryk die stok en druk die klawer; julle kan maar begin met die uitskoppolka, ‚Mame, die bokkie die het my gestoot'."

Sakkie en Dirkie kyk mekaar aan en — verstaan mekaar. Met 'n soet glimlaggie trek Sakkie Nekdoek sy konsertiena oop, terwyl Dirkie Rooskleur alreeds die vioolsnare laat tril en, — daar spring byna al wat manlik is met byna al wat vroulik is op die baan. Slegs 'n paar ou vroue en ou mans en 'n klompie kinders, wat gewoonlik „die krummels" genoem word, het oorgeskiet.

„Maar kyk hoe dans die Willeman weer ligvoet!" roep van die toeskouers uit. „Arrie!" roep een van die vroue uit, „maar kyk dan dans die Willeman weer swierig oor die aarde!" „O ja," stem 'n ander vrou in, „maar kyk darem ook bietjie vir Faansie Ousoort, watter nuwe soort houding het hy weer nie; dit lyk waarlik of hy vir almal wil wys wat hy kan doen."

En hierdie vrou het gelyk gehad, want Faansie dans met so 'n pen-regop houdinkie en met die een hand in die sy en die ander om die middel van die meisie wat hy mee dans; daarby hou hy sy nekkie so styf soos 'n stok, sy skouertjies regop om hulle breed en vierkantig te laat lyk en sy gesiggie in 'n half verwaande, laggende plooitjie, terwyl sy byna toegeknypte ogies so skelmpies rondloer. Ja die hele postuurtjie van Faansie het die gedagte van sy hovaardige hartjie ver-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

raai: „Mense, kyk tog hoe vief en fyn, hoe smaakvol en gemaklik ek dans!" Maar, by so 'n dansparty is egter gewoonlik altyd meer sulke Faansies en by die soort mense is daar dikwels een of meer wat hulle self wil „maak en breek", soos die mense sê, om tog die aandag van ander te trek, maar onder die „maak en breek" word sulke mense glad onnatuurlik en verspot.

Toe die klomp mense met hierdie dansery begin, het een van die „krummels" — 'n kind van dertien jaar — sy ore met sy duime toegedruk en toe so op die dansers gestaar. Later vra een van sy maats: „En wat druk jy dan jou ore toe?" Die antwoord was: „Nou hoor ek mos nie die musiek nie, maar sien net hoe die mense draai soos malkop-bokke, trippel soos perde en skop soos volstruise en nou lyk dit vir my so snaaks, so koddig, so belaglik."

Die kind het gelyk gehad, maar vir die mense op die dansbaan was dit nie belaglik nie, maar 'n ware genot, want die een polka het op die ander gevolg en die een wals op die ander tot later elkeen bloedrooi, vuurwarm en nat van die sweet was. Nou word so bietjie opgehou, met sakdoeke gevee en gewaai en meisies „koud gelei".

Maar, Willeman het sy moses gesoek op 'n dansparty en gou roep hy dan ook weer uit: „Toe kinders, toe, toe, skep mekaar; Sakkie en Dirkie, speel nou die wals: ‚Ek gaan mos weg om die blouoog te terg.' Dit was teen Faansie se sin, want hy wou net voorstel dat hulle vir ‚Julle kan sê Pikkewyne, maar die bruinoog nooi is myne' moes speel: Immers, die mannetjie met die belaglike postuurtjie was verlief op 'n bruin-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

oog nôi. Daar was nou egter niks aan te doen nie, want almal is reeds weer aan dans. Toe hierdie wals op die end was, spring ou Jomper weer vir Faansie voor met die woorde: „Vriende speel nou een van ons outydse walse, ‚De bloemen sijn wel sierlik' of ‚Die Môrester'." ‚Die Môrester' was egter nog nie aan opkom nie en so kies die meerderheid vir ‚Die bloemen sijn wel sierlik'. Daarop volg toe weer die ‚Burden polka', die outydse ‚Kyk vir oom Kolie met die wit baadjie' en nog 'n boel ander vóór Faansie sy ‚Pikkewyne' op die lappe kon bring.

Op hierdie manier het die nag verbygevlieg en toe die môrester eindelik opkom, gee Jomper so 'n lang sug en sê aan Dirkie: „Ou broertjie, gee tog vir jou oompie die viool, want ek leef en voel my nou weer in my jongdae en wil nou self die versmelter van my hart, ‚Die Môrester', speel."

Dirkie was bly, want nou kry hy weer 'n kans om met Letjie Willeman, wat al uitgeput was, te dans; hy oorhandig dus die viool aan ou Jomper en die ou begin dadelik te speel en selfs die wysie na te sing. Nou begin meer dan een ou vrou en ou man te sug en terug te dink aan die dae toe hulle jonk was. Ou Jomper sit op 'n plat veldstoeltjie met sy bene lank uitgestrek en oormekaar, terwyl hy sy oë vas op die balke van die huis se dak gevestig hou. Hy speel en sing met hart en siel. Hy sien homself in sy jongdae; hy voel weer die eerste kus van sy oorlede vrou; sy hart klop vinniger; 'n traan rol oor sy wang; hy speel en sing nog ‚Die Môrester', maar die blye, vrolike klanke verander nou in 'n melodie só klaend en weemoedig, dat dit die hart tref en tot droefheid stem.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Sonder te weet, wat hy doen, het Jomper die onbesorgde vrolikheid uit meer dan een hart verdryf en inplaas daarvan 'n besef van die verganklikheid van die lewe ingebring.

Die gedans het verslap; die lag verdwyn op meer dan een gesig; die tone, deur Jomper ontlok, sny nou deur die siel; Faansie laat sy skouertjies nou sak; sy stywe nekkie kom weer in beweging; meer trane rol oor die ou gerimpelde wange; almal staan of sit as aan die grond genael, maar Jomper „jomp nog in"; selfs op jonger gesigte kom meer erns en Willeman staan asof hy homself vergeet het. Maar, hy was 'n man wat sy moses gesoek het op 'n dansparty en so wil hy nogeens probeer om die mense op te beur maar, net toe hy wou praat, val sy oë op ou Jomper en toe steek die woorde vas. Uitgeput en magteloos val Letjie Willeman nou in 'n floute neer. Dit gee die voortsetting van die dansparty die genadeslag, tot ergernis van die tien dogters van Louwtjie Fynstem en ander jongmense. Hoe dit sy, nog voor die „dagster dof geword het in die sonstrale", het daar niemand meer gedans nie.

Twee dae na die dansparty het daar reeds baie dinge gebeur: Nottie Fynstem het te hore gekom dat Jaaitjie van ou tant Jaaitjie Rateldraai sou vertel het dat sy, Nottie, die aand op die dansparty so uitspattend en ongemanierd was, dat al die jongetjies daaroor gelag het. Dit het Nottie baie boos gemaak. „So," sê sy, „dan lyk die arme ou Jaaitjie-skepseltjie ook soos iemand om 'n ander te krap. Maar wag, net waar ek haar ontmoet, sal ek haar pak en dan sal 'n verkleurmannetjie 'n mooi bog wees om meer kleur

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

op kleur te kry as sy; die modder, wat sy vir my aangemaak het, sal ek haar dan self mee besmeer, so 'n arme ou wipneusie."

Verder het Koos Kaboekams sy nôi gaan afsê om sy op die dansparty eenmaal geweier het om met hom te dans. Ook het daar selfs harde woorde en twis ontstaan tussen die moeders van Floorsie Vaalbak en Krissie Ouroet net omdat Floorsie sou gesê het dat Krissie „kompleet net soos 'n ou mak wyfiemakou dans".

Maar die treurigste van alles was dat arme Letjie Willeman in die twee dae al sieker geword het. Haar siekte word reeds as erg gevaarlik beskou.

„Sien," sê tant Willeman, „my stomme kind was net warm gedans en toe het die onnosele Rooskleur met die arme ding op die stoep in die koue buitelug gaan staan en net daar het sy toe die knip weg." „Ja," sê Willeman, „as dit tog maar nie haar doodsknip is nie."

Een ding was seker: Letjie is gevaarlik siek. Baie bure het al na haar kom kyk. Springbokbeen, wat nie op die dansparty was nie, het ook na die siekbed gekom. Net toe Willeman hom groet, sê hy aan Springbokbeen: „Ai, my ou vriend, ek erken nou dat ek die ander dag verkeerd was, toe ek jou van gulsigheid beskuldig het; vergeef my dit tog maar."

„My liewe man," antwoord Springbokbeen, „ek kan nie sien waarom jy nou net juis van daardie ou dinge moet praat nie; ek dink nie eens meer daarom nie; laat ons liewers sien wat ons vir jou arme kind kan doen, want sy het die inflammasie."

Al wat kon gedaan word, word nou gedaan, maar Letjie word steeds swakker. Sy is ylhoofdig en praat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

nou alles deurmekaar. Sy is histeries. Soms kyk sy met verwilderde oë rond, lag dan heel onnatuurlik en sê: „Opskoffel boeties en sussies, opskoffel! Toe, Sakkie en Dirkie, speel: ,Ek gaan mos weg om die blouoog te terg'!" Dit was die woorde wat sy haar vader so dikwels op die dansbaan hoor uitroep het, en die woorde klink nou so walglik in haar vader se ore. Hy voel geneig om haar die mond toe te druk, maar kon nie. Hoe meer hy probeer om iets te doen, hoe meer besef hy sy magteloosheid. Hy sien dinge in 'n ander lig. Diep berou pak hom beet. Selfverwyt veroordeel hom. Hy begin 'n les te leer en dit is die les: Die genot van wêreldsvermaak is van korte duur. Die gewaarwordinge van sy hart staan op sy aangesig te lees. Sy lot en posiesie word hom ondraaglik. Hy wil sy siel uitstort in skulderkentenis, maar die trotse skaamte hou hom nog vas in ysterkloue. Dit maak hom al benouder.

Ou Jomper is ook teenwoordig. Hy sit reeds 'n heel ruk doodstil en diep in gedagte. Ook hy het 'n les geleer. Hy begin in te sien dat dit tog niks help om vir die mens weg te steek en te verberg wat die Heer elke oomblik in die lig kan bring nie. Hy begin te gevoel dat sy versigtigheid vir die predikant hom nou maar van weinig nut is, ja selfs van g'n nut nie: As sy gedagte, woorde en werke agter die rug van sy predikant liewers so gewees het, dat hy dit enige tyd vir sy leraar kan bloot lê sonder om hom daarom te skaam, was dit veel, ja baie beter.

Tant Willeman het eers alle blaam op Rooskleur gewerp. Later het sy ook veel fout by haar man gevind. Nou egter beskuldig haar gewete haar ook: Dit

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

of dat kon sy gedoen het wat sy nagelaat het om te doen. Dis 'n vreeslike gedagte, maar tog begin sy haar nou aandadig, skuldig te gevoel aan die siekte — miskien wel die dood — van Letjie.

Sakkie Nekdoek het ook gehoor hoe sleg dit met Letjie gaan en dus ook gekom om haar te groet, want, sê hy, „'n mens kan nooit weet nie; dalk kom sy nog te sterwe en dan het ek haar nie eens gegroet nie." Hy sit nou kort by haar bed. Hy is verstom om te sien dat die vrolike, opgeruimde Letjie nou so verander is: Die blos van haar wang, die glans van haar oog, die bekende glimlag om haar mond, die skoonheid van haar gelaat en die krag van haar jeug is deur pyn en smart vernietig. Slegs in 'n paar dae is sy verander dat hy haar byna nie herken nie. Hy dink terug aan die aand van die dansparty. Hy sien weer hoe gretig die gaste was om te dans, so gretig en haastig selfs, dat meer dan een, hy ingeslote, glad nie eens daaraan gedink het om eens vir oom Willeman op sy verjaarsdag geluk te wens nie! Meer dan een se hart, en sy hart ook, was so vol van die dans dat hulle nagelaat het om te sê: „Oom Willeman, veels geluk op jou geboortedag en ons hoop van harte dat dit met jou, jou vrou en Letjie nog lank sal voorspoedig gaan." Hy dink nou daaraan dat hy in die Katkesasieboek gelees het dat 'n mens altyd moet belang stel in die welsyn van jou ewemens, en hy begin nou hulle handelwyse van die aand as iets onkristelik te beskou. En as Letjie nou, sonder te weet wat sy doen, nog boonop uitroep: ‚Toe Sakkie, druk die klawers', dan voel dit hom of hy in die grond kan sink van skaamte. Ook by hom het 'n skuldige gewete begin te werk.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Rooskleur het nog nie vir Letjie kom groet nie, maar hy is darem baie spyt om te hoor dat sy so ernstig siek is. Ja, hy is so spyt daaroor, dat hy byna elke oomblik sê: „Ag, dis tog alte jammer!" 'n Mens sou dink dat hy waarlik met erns deel in haar lot, dat hy opreg medelyde met haar het. In die eensaamheid egter het uitgekom wat hy nou eintlik in sy hart gevoel. Daar in die eensaamheid het hy erken: „Ek sal baie spyt hê as sy miskien moet sterwe, want dan verloor ons iemand wat waarlik baie goed kan dans en dan sal die mense mos ook nie gou weer laat dans nie; na so 'n sterfgeval voel 'n mens mos altyd so half bang om sommer weer te dans, dus kan dit wees dat my arme ou viool nou nie gou weer sal werk kry nie; dit grief my."

Faansie Ousoort het ook nie na Letjie kom kyk nie. Hy wou eers gaan, maar toe hy hoor dat sy darem so treurig lyk en dat sy miskien elke oomblik die wêreld kon verlaat, het hy besluit om daar weg te bly. Hy is nie 'n man vir die dood nie, nee. Hy word alte angstig daarvan. In voorspoed, gesondheid en lekker ou wêreldsvermaak, ja — dis aangename dinge waarin hy ook maar danig graag deel, maar die dood! — „nee, kyk hiersô, dis nie iets om van te praat nie." „Predikante," kry hy nou ook juis die gedagte, „het die manier om jou soms so met die dood skrik te maak." Eenmaal was hy op die dorpie K. met 'n „Nagmaalsgeleentheid" en toe het daar 'n „leraart" nogal so vreeslik daarop in sy preek gedruk dat 'n mens eintlik elke dag moet leer om te sterwe! „Ag, ag!" kerm hy, „wanneer kan jy dan jou lewe geniet, en wanneer kan jy dan ooit lekker voel, en wat word dan van dans-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

partytjies?" „Nee, hy wat Faansie is, kan darem maar nie noual aan die aaklige sterflikheid en sulke nare dinge dink nie; kan hy nou vir Letjie gaan kyk en groet? nee wat, dis tog te aardig."

Nottie Fynstem het darem ook vir Letjie kom groet. Sy kan weer baie mooi oor die dood gesels. Sy is sommer 'n heeltemal slim kind. Haar ma het dit self eendag in haar teenwoordigheid aan ander mense vertel. En nou doen sy ook haar bes om slim te wees en vroom te praat. „Kyk," sê sy vir Letjie, wat nou niks meer verstaan nie, „jy moet nou maar die ou wêreld los; ek het geleer om my in so 'n geval te onderwerp, my oor niks te vererg nie, maar kalm en bedaard te bly en net te vertrou." Skaars was hierdie woorde geuiter of sy gewaar dat klein Jaaitjie Rateldraai, wat konsuis van haar sou „gekskinner het", ook daar aankom en toe word sy só verbitterd en deurmekaar, dat sy glad sonder enige mens te groet — nie eens vir Letjie nie — die huis verlaat. „So'n wipneusie!" sê sy by haarself.

Net 'n dag daarna is Letjie saggies heengegaan. Deelnemende vriende en vriendinne was daar rêrig baie, maar die ouers voel binne in brandende harte so 'n gevreet van selfverwyt, dat al dié vriendelikheid van al die bure glad niks baat nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## X.

## 'n Ou Troue Siel.

Dis Kersdag en al die Boesmanlandse trekkers in die distrik van Kenhardt voel bly en opgeruim.

Oom Joos S.... beweer egter dat hy meer stof tot vreugde het als al sy bure. Immers, oom Klaas R...., sy boesemvriend, wat hy meer as twintig jaar gelede laas gesien het, het nou by hom kom kuier. Op die oomblik ry hy nou met oom Klaas orals onder die bekendes en bloedverwante rond om des te beter te kuier en te gesels.

Toe hulle van Koerka, een van die werwe wat hulle reeds al besoek het, wegry, vra oom Klaas: „Maar ou broer, watter drie persone lê dan hier langs die pad begrawe en waarom is die graf aan die linkerkant so half opsy van die ander twee af?"

„Dis 'n baie lang geskiedenis, ou broer," antwoord oom Joos.

„Nou dan moet jy my dit maar dadelik vertel," sê oom Klaas, „want ek luister tog te graag na alles wat hier in die ou wêreld gebeur het gedurende my lang afwesigheid." Oom Joos is egter so half onwillig om aan hierdie versoek te voldoen, maar oom Klaas hou aan en so begin oom Joos eindelik:

„Wel ou broer, ek sal dan probeer om jou die hele

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

geskiedenis omslagtig en getrou te vertel. Dit het só gekom: In die tyd wat jy na die Transvaal getrek het, ry 'n seker man wat aan osse koop was, 'n namiddag op die eensame pad tussen Dooddrink en Koerka.

Die man, wat ek maar 'n oskoper sal noem, was baie haastig, want agter hom het dik donderweerwolke snel saamgepak in die vorm van trotse berge. Waar kort vantevore 'n diep-donkerblou lug bo die horison was, is dit nou gitswart soos die nag. Die oskoper kyk derhalwe kort-kort om en ruk dan elke maal die leisels op en gee elke perd 'n harde raps om tog so gou soos moontlik vorentoe te kom. In die opeengehoopte massas van wolke sien hy reeds in die gees 'n see van water, 'n verwoestende storm en verblindende bliksemstrale.

Dit word stil soos die graf. Die arme oskoper voel benoud. As Koerka, waarheen hy ry, tog maar nader was, as die ellendige vlaktes tog maar nie so kaal en verlate is nie; as.... as die liewe weer tog maar nie net juis vandag opgesteek het nie. Maar, alle redenasies help nou niks nie.

Weer word die leisels opgeruk en weer volg harde rapse. Opeens sien die oskoper tog 'n end vóór hom 'n trekkerswa agter 'n rantjie uitkom. Nou vat hy moed. Daar by die trekker sal hy hom veiliger voel in die woeste donderstorm wat op hande is.

Op dieselfde oomblik spring daar egter onverwags 'n warrelwindjie vóór hom in die pad op; skielik volg nog 'n paar rukwindjies; toe spat daar enkel groot druppels op en om hom en toe skiet 'n ligstraal kortby neer. Verskrik spring die perde uit die pad en nou hoor die oskoper reg bo hom die gedruis van neerstortende

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

waters. Daar was niks aan te doen nie. Hy moes hier maar gou uitspan en die perde aan die kar knoop.

Dit word skielik duister; die water val of dit met emmers gegooi word en die weerligte volg só snel opmekaar, asof hulle inmekaar wil skakel. Die aarde sidder onder die vreeswekkende gedruis.

„Die Heer bewaar my en daardie trekker vannag," is die versugting van die oskoper.

„Jy sal sê, ek is omslagtig en langdradig in my verhaal, ou broer Klaas, maar dit was 'n bitter en onvergeetlike nag en ek wil jou daarvan net graag 'n flou denkbeeld gee, dan sal jy wat daarop volg beter verstaan."

„Nouja," vervolg oom Joos verder, „die oskoper het later kniediep in die water gestaan om sy perde, wat toe al bewe van angs, te paai, sodat hulle tog nie moes losruk nie. Die ganse vlakte was later herskape in 'n see van rooigeel gekleurde water, wat in alle rigtinge gerol en gespoel het, maar nog het daar meer water neergestort en nog het die geknal en gekletter van oorverdowende donderslae mens en dier laat sidder.

Eindelik, maar dit was toe al middernag, het die reën opgehou; die wolke verdeel en verdwyn en miljoene van hel-flikkerende sterre het aan 'n skoon, donkerblou hemel tevoorskyngekom. Toe voel die arme oskoper soos iemand wat uit 'n gewisse dood gered is. „Ja," sê hy by homself, „in Job 26 staan: „Hij bindt de wateren in Zijne wolken; nogtans scheurt de wolk daaronder niet." Vannag egter, het die Heer stellig Sy bevel gegee, dat die wolke moet skeur, want dit was seker 'n wolkbreuk. Ek is nuuskierig om te

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

weet, hoe dit met die trekker, wat ek laas daar onder sien aankom het, afgeloop het, daar was geweldige bliksemstrale in sy rigting."

By dagbreek die volgende môre, sien die oskoper orals erdmannetjies op hulle agterpootjies sit om ewe manhaftig die skoon afgewaste wêreld te bekyk; orals klink ook die vrolike gesang van kokkewiete, klap-klappies, mossies en klaasskaapwagtertjies; al die skare van opgeruimde diertjies begroet die fris môre met dankbare tone. Dit was onverklaarbaar vir die oskoper, hoe al die diertjies en selfs insektetjies so ongedeerd uit die vreeslike storm gekom het.

Daar onder by die trekkerswa slaan nou 'n dik rook op en die oskoper dink: ai, daar sal ek nou tog lekker warm koffie kan gaan drink. Bewende van die koue, draai hy gou sy seilkrippie, waaruit die perde net die laaste bekkievol gevat het, op en sukkel om die diere ingespan te kry.

Nog 'n heel endjie van die wa kom 'n ou Koranna-meid hom teë. Op haar ou dik, gerimpelde wangknoppe glinster traandruppels; sy vou die ou uitgeteerde, grootgekneukelde hande smekend saam en roep uit: „Ai vriende baas, kom dan tog, kom dan tog!" Vóór die verwonderde man haar nog iets kon vra, spring sy om en gaan met 'n waggelende gang snel terug. Spoedig was die oskoper by die wa, wat met die voorstel inmekaar gekrink staan en die disselboom afgebreek en weg.

Weer smeek die ou meid: „Ai vriende baas, kom kyk dan tog!" Hy volg haar tot agter 'n bos by 'n smeulende vuur, waar twee persone op die deurweekte

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

grond onder 'n ou dekentjie toegedek lê. Die ou meid trek die dekentjie half af en die oskoper sien iets ontsettends, iets wat hy sy hele lewe deur nooit sal vergeet nie. „Sien vriende baas," sê die ou meid, „daar lê my eie baas Peet en sy vroumins.... dood.... morsdood. Toe die reën geester astermirrag begin en die blitse ook begin, toe ruk die vooros die tou uit my hand en spring om asterkant toe en baas Peet, hy keer hierso en hy keer daarso, maar wie sê so? Die os, hy laat hom nie keer nie, toe die disselboom, hy kraak, breek, hy kraak morsaf en die span os, hy hardloop weg en baas Peet, hy hardloop saam; toe die blits hy maak puur vuurstraal, hy skeur die wêreld; toe my Nonna, baas Peet se vroumins, sê die blits sal vir baas Peet doodmaak en toe my Nonna, hy spring uit die wa, aster baas Peet aan en toe pambeer ek om my Nonna te keer, want my Nonna was siek, baie siek, maar wie sê so? My Nonna sleep my saam en toe ons daar by die klipplaat kom, vriende baas, toe.... toe lê my eie baas Peet daar dood! Toe my Nonna en ek ons trap vas, ons beur, ons sukkel om vir dood baas Peet by die wa te kry, maar die wind, hy ruk ons dan hiernatoe en dan daarnatoe en die reën, hy slaan ons van voor en hy slaan ons van aster, maar wie sê so? Ons hou vas, ons sleep, ons beur met dood baas Peet tot by die wa, maar toe my Nonna val flou, en toe ek roep, ek skree, ek huil maar kry nie hulp om my baas Peet en my Nonna in die wa te kry nie. Toe, hulle lê in die waters en toe, ek sleep hulle na hierdie hoë plekkie." Hier hou die ou meid opeens op, hardloop na die wa, maar kom gou terug met 'n swak kindjie, wat nou bitterlik huil. „Sien vriende baas," sê die ou meid

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

snikkende, „dis nou al wat leef; op pad in die wêreld gekom en op pad hy se vader en hy se moeder verloor!"

„Maar my stomme ou Aia," sê die oskoper, „dit lyk vir my of die beste hulp van die barmhartigste Samaritaan hier niks kan doen nie; waarom het jou baas Peet dan aan trek gegaan?"

„Ons had nie annerster gakannie," antwoord die ou meid, „en ons had nie gaweet wat.... wat ek nou alleen weet nie; ons had nie gaweet dat ek nie eens die verstyfde ooglitte van dood baas Peet en my Nonna sal.... sal toegedruk kry nie."

Hier werp die oskoper weer 'n blik op die lyke, maar die swart, bebloede gesig met die geskroeide baard en hare van die arme man en die wit, kalkagtige, gekleurde gelaat van die vrou was vir hom te veel, en hy bars in trane uit.

Besluiteloos, radeloos staar hy om hom heen. Voëltjies sing nou orals ewe bly, bytjies gons om kriedoringblommetjies, skoenlappertjies fladder vrolik om heldere waterplassies, erdmannetjies maak al spelende jag op rysmiertjies en akkedissies lê in die heerlike sonstrale op vliegies en loer. Daar is vrede en vreugde in die hele natuur en dit skyn byna ongelooflik dat in dieselfde buurt tog iets so smartliks te aanskou was.

Die oskoper voel egter dadelik dat hy iets moes doen en spoedig het hy die lyke in die trekkerswa op die ou trekkerskatel neergelê en toegedek. „Kyk ou aia," sê hy toe, „jy moet nou hier by die wa waghou en ek sal gou op Koerka gaan hulp soek, maar ek sal die stomme ou kindjie ook moet saamvat, miskien kry ek daar iemand wat die bloedjie kan versorg."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Dit het die ou troue siel baie moeite gekos om van die kindjie afskeid te neem — maar terwyl nuwe trane die spore van baie voriges oor haar diep geplooide wange volg — lig sy die hulpelose wesie op na die oskoper, wat nou al in sy oop karretjie sit, klaar om die leisels weer op te ruk en elke perd met 'n harde raps weer vorentoe te dryf.

Op Koerka was hulp. Daar was 'n vrou, wat aan die oskoper sê: „Ja, ou Neef, die Heer het my ook 'n babetjie geskink en deur Sy voorsienigheid is ek nou instaat om die ou dierbare dingetjie se moeder te wees."

Die man van hierdie barmhartige vrou was ook ewe gewillig om die wa met die twee lyke na Koerka te gaan haal. Hij vertel ook dat daar kort vantevore 'n span osse, waarvan 'n paar nog 'n tou met jukke gesleep het, by sy beeste aangekom het en dat dit die osse is van Piet Rykert, 'n jong boer wat laas op Onderste Jakkalsdraai gestaan het, en dat hy gehoor het dat Piet Rykert na sy broer Aderjan wou trek om sy vroutjie te siek was om so heel alleen met haar op 'n plek te bly.

Toe die son dieselfde agtermiddag agter die vaal Boesmanlandse rantjies wegsak en nog vir laas die lug bo die westelike gesigseinder in die pragtigste kleure van goud en oranje verwe, kom die wa van arme oorlede Piet Rykert (want hy was die baas Peet van die ou meid) met die owerskot van hom en sy vroutjie net stilhou.

Die ou Korannameid sit toe nog altyd, waar sy reeds die môre gaan sit het: voor op die ou smal voetbankie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van haar eie baas Peet se wa. Niemand kon haar daar wegkry nie en sy wou nie eet of drink nie. Haar oë was toe, haar elmboë het op haar knieë gerus en haar hande het die ou kop krampagtig houvas. Dit het gelyk of sy gedurig iets by haar self sit en mompel het en haar hele wese was die droewigste beeld van die wanhoop.

Die volgende môre het sy nog op die voetbankie gesit, maar dit was duidelik dat sy toe nie meer kon verroer nie. Maar toe die baas van Koerka, die oskoper en twee Hotnots met grawe loop, om die grafte te gaan delwe, roep sy een van die skepsels terug. „Asseblief dan tog," smeek sy die ou jong, „maak dan tog vir my ook 'n gat om in te lê, maar maak dit tog nie te ver van my dood baas Peet en my Nonna se grafte af nie, want al is ekke ook 'n ou swartmins, 'n ou heiding, 'n ou voetvel, maak tog die gat naby my baas Peet en my Nonna se grafte, en die Man hierbo, Hy sal nie vir jou kwalik neem nie."

Na die grafte gedolwe was en die mans weer huiswaarts gekeer het, sê die baas van Koerka aan die ou Korannameid: „Ou aia, jy sê die Heer sal nie vir outa Gasie kwalik neem as hy vir jou 'n graf naby jou baas en nooi se grafte maak nie, maar die Heer sal vir ou aia self kwalik neem as jy jou hier sit en uithonger."

„Nee, vriende baas," antwoord sy, „my baas Peet en my Nonna, hulle eet nie meer nie en ek ook nie; hulle slaap nou en ek wil ook slaap, — nie die soort slaap wat 'n mins onder jou karos slaap nie, want hierdie soort slaap, hy laat droom my weer van die reën en die blits en dood baas Peet en.... en...." Verder kon sy nie kom nie. Eindelik slaan sy egter die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ou oë nog eenmaal op en sê: „In die gat sal hierdie ou swartmins niks weet nie.... niks droom nie!" Die ou uitgeputte liggaam krimp ineen, gevolg deur 'n sielverskeurende rilling.... en die ou Koranna-meid lê dood op die trekkerswa.

Sien jy, broer Klaas," sê oom Joos, „dit is die verhaal van die drie persone, wat nou in daardie grafte rus, en dis die ou troue siel, wat nou daar so op 'n eerbiedige afstandjie van haar baas en nonna af die slaap sonder drome slaap."

„Wie is die oskoper en wat het van die kindjie geword?" vra oom Klaas.

„Die kindjie, nou 'n fris geboude en veelbelowende jongman, is 'n paar dae gelede aan my jongste dogter verloof en die oskoper is.... ekself, ou broer, en ek is die goeie God vandag nog dankbaar, dat Hy my so bytyds hulp op Koerka vir daardie kindjie laat kry het."

By hierdie woorde steek oom Joos en oom Klaas hulle pype in hulle sakke, want hulle kom toe net op 'n plek aan, waar hulle wou uitspan om weer lekker te kuier en lekker te gesels.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## XI.

## Oom Sarel se ontmoeting op Rooiberg.

In die winter van 1895 was koring in die distrik van Kenhardt so skaars en duur, dat net mense wat baie ryk was, dit kon koop.

Baie van die boere het toe hulle donkie- of ossewaens ingespan om in Hardeveld, Sandveld en Bokveld, „broodkos" te gaan soek. Ou oom Sarel Nel, van Breekknie, sou maar na die Bokveld gaan, want daar was van sy familie en hulle sou hom ongetwyfeld help met broodkos, as hulle maar net het.

In die aand van die agste dag van sy reis, kom oom Sarel op Rooiberg, 'n eensame en verlate plaas, sowat dertig myl van die plek waar sy familie woon.

Hy was dus nie meer so ver van sy bestemming af nie en wou nog wat vorentoe gery het, maar toe ontmoet hy op Rooiberg vir oom Alwyn Smit en oom Jan Smit, twee ou bekendes van hom. Hulle was twee veekopers en oom Sarel moes hulle veel vertel van sake en toestande in die Onderwêreld, en daar dit ook al laat was, haal hulle oom Sarel maklik oor, om ook maar die aand op Rooiberg te slaap.

Spoedig was die koffie klaar, die aandete genuttig en die pype gestop om nou eers lekker te gesels. Dis maklik te verstaan, dat dit byna middernag was, toe



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die geselsery ophou en hulle vir mekaar goeie nag toeroep.

Oom Sarel het al onder sy wa kooi gemaak. Daar het hy op sy togte al menige nag geslaap, „en altyd," sê die oubaas self, „het die liewe Heer my bewaar, dat g'n slang, skerpioen of enige ander giftige ding my enige kwaad gedoen het nie."

Hierdie nag egter, het oom Sarel 'n baie wonderlike ontmoeting gehad en ons sal hom die ontmoeting maar liewers self laat vertel, te meer, daar oom Sarel een van die geloofwaardigste mense is, wat ons ooit geken het:

„Hoewel dit al laat was," so vertel oom Sarel, „kon ek tog nie slaap nie. Ek het goed geweet, dat ek nie moes planne maak en sukkel om te slaap nie, want dan word 'n mens mos al nugterder. Ek het dus maar doodstil en geduldig gelê, totdat die slaap eindelik vanself sou kom. Nadat ek so vir omtrent 'n uur gelê het, hoor ek op eens 'n getik aan die remketting van my wa. Ek kon die skakels van die ketting duidelik hoor klink, maar tog was daarby nog so'n wonderlike naklank, wat ek nog nooit vantevore gehoor het nie. Die klank het só gegaan: ‚Zurr, zzurrr', maar die z moet nog stomper of dikker uitgedruk word as ek dit doen. Ek glo egter nie of enige skepsel hierdie bowenatuurlike klank sal kan na-aap nie. Ek het dadelik opgestaan en orals rond gekyk, want dit was maanlig, maar kon absoluut niks bespeur nie. Wat my toe baie vreemd voorkom, was, dat die getik aanhou sonder afbreek en daarby al harder word. Maar wat nog wonderliker was: ek kon selfs die ketting sien rittel, maar kon tog die oorsaak daarvan nie raaksien en uitvind nie. Ek word toe kwaad en nuuskierig tegelyk en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

kruip dus in alle rigtinge onder die wa rond, om die oorsaak van die gedoente na te gaan en te sien.

„Die twee Smits se karre het maar slegs so 'n tien, twaalf tree van my wa afgestaan, en eindelik roep een van hulle: „Maar oom Sarel, wat vir 'n affêre is dit dan daar by die wa?"

Ek was toe al taamlik vererg en antwoord: „Dis wat ek graag self wil weet en as julle my wil kom help, sal ek bly wees." Dadelik was die twee Smits by my. My hotnot en die twee van neef Alwyn en neef Jan was ook al wakker van die getik en kom toe ook aan. Toe die mense egter na my toe kom, verander die getik aan die ketting in 'n gestamp op die grond. ‚Woep, woep', gaan dit toe, maar altyd 'n bietjie verder naarmate die mense nader kom. Ons almal het die gestamp duidelik gehoor, en nou besluit ek en die Smits, om dit te agtervolg. Die hotnots was natuurlik te bang om saam te gaan. Hoe verder ons toe loop, hoe verder gaan die gestamp voorwaarts. As ons op die plek kom, waar dit laas gestamp het, is daar niks te sien nie, maar dan stamp dit weer 'n bietjie vorentoe, en so hou dit aan. Neef Jan sê later: „Kyk kêrels, laat ons nou omdraai; ek glo nie aan spokery nie, maar tog lyk dit nà spokery en ek wil niks te doen hê met iets, waar ek nie aan glo nie." Neef Alwyn en ek glo ook nie aan spoke nie en juis daarom wou ons weet, wat vir die ongeluk dit dan was, maar daar dit lyk, of ons tog niks sou uitvoer nie, willig ons toe maar in, om terug te keer. Maar, wat gebeur toe? Ons het skaars 'n paar tree teruggeloop, of daar kom dieselfde, wonderlike, geheimsinnige stampery weer agter ons aan! Dit was om mal te word. Radeloos stap ons toe

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

maar terug. Die hotnots het net 'n groot vuur gemaak en toe ons by hulle kom, sê my ou jong: „Ai, ou Baas, sal ons dan nie vuurstompe na die ding of gees gooi nie? Hoor dan, hier stamp hy al weer kort by." Dit kon ons nie doen nie, want die veld was bedek met droë gras en die hele plaas sou dan afbrand. Ek sê dus: „nee, dit kan nie; elkeen moet nou maar sy kooi opsoek en laat kom wat wil — ons is almal veilig, want die liewe Heer slaap nie."

„Maar skaars was ek onder my kombers of daar ‚zurr, zzurrr!' dit maar weer reg bo my kop, aan die remketting! Die volgende gedagte kom toe by my op: Hierdie affêre word nie veroorsaak deur enige dier of sterflike wese nie, daar is ek gans seker van; dit moet dus 'n gees, 'n spook, 'n onsigbare iets wees, en soiets, meen ek, sal nie hier sonder doel en rede net juis by my kom aanklop nie. Daar skuil iets agter; ek moet opstaan, en as die gestamp weer agteruitgaan, dit agtervolg — laat kom wat wil, want ek het niemand enige leed of kwaad gedoen nie en behoef dus vir niks bang te wees nie.

„Dadelik spring ek toe op, en skaars was ek onder die wa uit, of daar gaan die stampery weer stadig agteruit, in dieselfde rigting as vantevore. Nou was ek nie meer kwaad of nuuskierig nie maar ernstig, en dit was of iets hierbinne vir my sê: Loop, jy het 'n heilige plig te vervul. Ek stap dus aan, terwyl die gestamp my, as-het-ware, tot gids dien. Na ek so vir omtrent tien minute, of bietjie meer, geloop het, sien ek opeens 'n vrou, wat lyk of sy nie op die grond loop nie, voor my uit sweef. Wat my daartoe aanleiding gee of hoekom dit so is, weet ek nie, maar tog was dit my,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

of ek in hierdie vrou my suster Lenie herken, wat in die Bokveld woon en wat ek lanklaas van gehoor het. Net toe ek met haar wou praat, was dit of sy wou omdraai na my toe, maar toe verdwyn sy voor my oog en op dieselfde oomblik hoor ek haar die volgende woorde sê, hoewel ek glad niks sien nie:

„Sarel, jy moet my kind by Petrus Human gaan vat, dat ek kan rus."

„Daarop was alles doodstil. Die gestamp was weg, die persoon verdwyn, en daar staan ek eensaam en alleen aan die voet van 'n koppie. Maar — ek het die stem van my suster gehoor. Dis wonderlik, maar nog nooit het ek die bekendste mens se stem só gou herken as daardie nag die stem van Lenie nie. Die stem klink vandag nog in my ore, as ek daar so aan dink.

„Ek wis toe dat ek Lenie nie weer op die ou wêreld sou sien nie. Ek was nog treurig gestem en draai toe maar om, wa-toe.

„Die volgende môre praat die Smits en die hotnots weer van die geklop of gestamp en ek kon aan hulle praat verstaan, dat nie één van hulle die twede gestamp gehoor het nie. Ek was egter bly dat hulle dit die eerste maal almal gehoor het. Daarop roep ek neef Jan en neef Alwyn eenkant-toe en versoek hulle om my spoor van die vorige nag saam met my te volg, terwyl ek hulle ook van alles verder vertel. Toe ons by die plek kom, waar ek omgedraai het, sien ons 'n graf omtrent tien tree vóór ons. Die graf moet al minstens 'n paar jaar oud wees, want daar staan al twee kraalbossies op.

„Die eerste wat ek doen, toe ek by my familie kom, was om na Lenie te vra. Verwonderd kyk my ou tant

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011